HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED
2026

# Randjienuus

**27 Februarie 2026**

## *ROADSHOW* – RANDJIES KUIER BY LAERSKOLE

Dit is altyd só lekker om ons toekomstige Randjies te ontmoet. Dankie, **Laerskool Fairland, Horison, Unika, Bryanston Parallel Medium, Fontainebleau en Louw Geldenhuys** vir die geleentheid om vir julle graad 7's te kon kuier. Ons sien uit om saam met hierdie leerders 'n pad te stap en om voort te bou op die fondasie wat ons laerskole gebou het.















RoadShow

# VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD 2026

**"Leierskap begin by karakter: jou dade moet jou woorde dra."**



# GRAAD 8 TOT 11 (2025) – PRYSUITDELING

**Baie geluk aan elke Randjie wat erkenning by die prysuitdeling gekry het.** Ons is besonder trots op elkeen van julle. Ons sien julle toewyding en deursettingsvermoë raak. **Kom ons loer na 'n paar van die spesiale toekennings wat gemaak is.**



# ERESKILDWENNERS



ANNABELLE KIRSTEIN
DANS



AMELIA KRUGER
DANS



JANIQUE KRUGER
DANS



ROXY BARNARD
KARATE



EVAN NAUDÉ
BERGFIETSRY



DANIEL VAN EEDEN
KANOE



MEGAN KLEYNHANS
VYFKAMP
BIATHLE
TRIATHLE
LASER RUN















BEN MITCHELL
PHILLIP VAN EEDEN
KEIRA BESTER
PHILMAR MINNAAR
NICOLAAS MITCHELL
DIHAN MYBURGH
SCHALK DU PLOOY

LEERDER PRODUKSIE

# AKADEMIE

## *ENGLISH HOME LANGUAGE*

Tydens die *Home Language District Meeting* se prysuitdeling het Hoërskool Randburg 'n sertifikaat vir ***Top Performance*** in *English Home Language* in die Johannesburg-Noord distrik ontvang.

'n Spesiale woord van geluk aan **Juf. Ilke Wagenaar en haar Matrieks 2025** wat hierdie prestasie vir die vierde jaar agtereenvolgend behaal het – wat 'n merkwaardige bewys van konsekwentheid, harde werk en toewyding!

Julle maak die skool en gemeenskap ongelooflik trots.  Hou aan om die standaard hoog te stel!









## GEOGRAFIE

Baie geluk aan **Mnr. Jurgen Brits en sy Geografie Matrieks van 2025** wat aangewys is as die **tweede beste prestasie in Gauteng** vir hulle matriekuitslae!

Wat 'n ongelooflike prestasie en 'n bewys van harde werk, deursettingsvermoë en uitstekende leiding. Julle toewyding en vasberadenheid het beslis vrugte afgewerp.




## MUSIEK

Op 14 Februarie 2026 het die Departement van Onderwys 'n vakmusiek-"Roadshow" in die ouditorium van die Magneetskool vir Musiek aangebied.

Tydens hierdie geleentheid het die magneetskool 'n toekenning van me. Millicent Khemese en mnr. Innocent Ngwane vir die **beste magneetskool in die provinsie** ten opsigte van die groei en ontwikkeling van vakmusiek ontvang.

Ons is ongelooflik trots op hierdie prestasie en spreek ons opregte dank uit teenoor al die onderwysers wat deur die jare by vakmusiek betrokke was en wat 'n waardevolle bydrae tot ons sukses gelewer het.



’n Spesiale woord van dank gaan aan **Juffrou Trudi van Wyk**, wat vakmusiek as sewende vak by Hoërskool Randburg gevestig het en ook ander skole aangemoedig en gewerf het om musiek as agtste vak aan te bied.





## GRAAD 9 NATUURWETENSKAP

Die **Graad 9 Natuurwetenskap-leerders** het onlangs prettige en leersame eksperimente uitgevoer om chemiese reaksies beter te verstaan. Deur praktiese demonstrasies kon hulle self waarneem hoe stowwe met mekaar reageer en nuwe stowwe vorm. Dit was ’n opwindende leerervaring vir almal betrokke.



# KULTUUR

## *SPEECH GUILD*







GRAAD 9

Die *High School Public Speaking Festival* (reeds in sy vyfde dekade) is 'n nasionale instelling op die Suid-Afrikaanse kultuurkalender. *Speech Guild* behels vier deelnemers wat vir 15 minute 'n gegewe onderwerp moet bespreek.

Ons graad 9's het op Maandagaand, 16 Februarie by Breschia House School deelgeneem. Die graad 8's het Woensdagaand, 18 Februarie tuis deelgeneem. Die seremoniemeester vir die aand was **Hayley-Ann van der Westhuizen in graad 12**. Hiermee die deelnemers en hulle uitslae:

| UITSLAE: | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 8<br>Groep 1 behaal 'n B+ | Graad 8<br>Groep 2 behaal 'n A+ | Graad 9<br>*Team 1* behaal 'n B+ | Graad 9<br>*Team 2* behaal 'n A |
| 1. Daniël Joubert<br>2. Anja Leal<br>3. Emily Sharneck<br>4. Lee-vï Jansen van Rensburg | 1. Leah de Bruin<br>2. Inge-Mari Steurer<br>3. Luan Nigrini<br>4. Emma van Heerden | 1. Mieke du Toit<br>2. Dané Antunes<br>3. **Reuben Pelzer**<br>4. **Waldo du Plessis** | 1. Cari Butner<br>2. **Junior Nkoane**<br>3. **Micah Chilcott**<br>4. Paul Scholtz |





GRAAD 8

# GRAAD 10







| Graad 10<br>Groep 1 behaal 'n B+ | Graad 10<br>Groep 2 behaal 'n B+ |
|---|---|
| 1. Naledi Mosiana<br>2. Malea Avis<br>3. Kara Behrens<br>4. Carina du Bruyn | 1. Isabella Bridger<br>2. Megan Havenga<br>3. Kaytlin Ramapaphutla<br>4. Dené Fourie |


Op Maandag, 23 Februarie het die **Graad 10 *Speech Guild*-leerders** hulle toesprake in die jaarlikse *Speech and Drama College* se *Speech Guild* fees, gelewer. Ons spanne is albei B+-simbole toegeken vir hulle insiggewende bespreking van kwessies wat na aan hul harte lê. Ons is baie trots op julle.

# GRAAD 11





*Speech Guild* Graad 11: Hulle het op Dinsdag, 24 Februarie by Greenside deelgeneem en het uitstekend gevaar. **Hiermee hulle uitslae:**



| Graad 11<br>Groep 1 behaal 'n B+ | Graad 11<br>Groep A behaal 'n A |
|---|---|
| 1. Waylon Mengel<br>2. Kaylie Toxopeus<br>3. Kiera Bester<br>4. Annika van Helden | 1. Linda van der Walt<br>2. Lizzy van Niekerk<br>3. Giselle Engelbrecht<br>4. Mieke Kok |

# SPORT

## RUITERSPORT

Die naweek van 14 en 15 Februarie het **drie** van Hoërskool Randburg se ruiters aan die eerste kwalifiserende rondte van SANESA in die Johannesburg-distrik deelgeneem. Ons is dankbaar dat die weer saamgespeel het en dat al die klasse suksesvol kon plaasvind.

- ★ **Mareli Wassermann (gr. 12) en *Bluemoonrising*** het uitstekend gevaar en 'n eerste plek in *Dressage Freestyle (Prelim)* behaal, asook 'n 19de plek in *Prix Caprilli (Beginner A)* en 'n 15de plek in *Showjumping Competition (80 cm)* behaal.
- ★ **Ilana van den Berg (gr. 11) en *Twice as Special*** het 'n 14de plek in *Showjumping Competition (70 cm)* en 'n 21ste plek in *Showjumping 2-Phase (80 cm*) verower.
- ★ **Jana Hartzenberg (gr. 12) en *Kings Fort*** het besonder goed presteer met twee eerste plekke in *Dressage Walk/Trot DSA Introductory Level (a)* en *(b)*.

Baie geluk aan al ons ruiters met hul uitstekende prestasies – ons is trots op julle!




## TENNIS

Ons meisies het op 17 Februarie teen Kingsmead College tennis gespeel die wedstryd gelykop geëindig – 'n puik prestasie! Baie mooi gespeel, Meisies! Julle **deursettingsvermoë, spanwerk en sportmanskap** maak ons ongelooflik trots. Hou aan om jul beste te gee!





# BINNENSHUISE KRIEKET

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat **Liam Harmse in graad 8** gekies is vir die SA-span om Suid-Afrika by die *Indoor Junior World Series* te verteenwoordig. Hierdie wêreldklas toernooi bring die beste jong *Indoor*-krieketspelers van regoor die wêreld bymekaar, met seuns en dogters wat in verskillende ouderdomsgroepe meeding. Liam, jou harde werk, deursettingsvermoë en toewyding het beslis vrugte afgewerp. Ons wens jou alle sterkte toe vir hierdie ongelooflike geleentheid. Gaan wys die wêreld wat jy kan doen!






Wat 'n ongelooflike voorreg om aan te kondig dat ons nog twee krieketspelers, **Alyssa Edwards (gr. 10)** en **Stefanie Viviers (gr. 9)**, het wat gekies is om aan die Wêreldspele *Action* Kriekettoernooi deel te neem. Hierdie twee dogters het ure se harde werk, toewyding en opoffering ingesit – en vandag word hulle daarvoor beloon. Mag hierdie ervaring vol hoogtepunte, oorwinnings en onvergeetlike oomblikke wees. Ons staan 100% agter julle!







## KRIEKET

**Eerste span: Randburg v Monument (10 Februarie).** Monument het eerste gekolf en is beperk tot 91 lopies, almal uit. **Kael Farquar** was die uitblinker met die bal en neem drie paaltjies vir 20 lopies. Randburg het die teiken gemaklik gejaag en eindig op 94 vir 4. Bydraes met die kolf sluit in **Leo Carreira** met 25 en **Jacey van Tonder**, wat koelkop bly met 34 nie uit nie.

Randburg wen met ses paaltjies.





**Dogters-A-span: Randburg vs Orange Farm**

Orange Farm stel ’n totaal van 109 lopies op die bord. **Leandri Smit** blink uit met die bal en neem vier paaltjies vir slegs 15 lopies.

Randburg se beurt is geanker deur ’n puik kolfvertoning van **Alyssa Edwards**, wat ’n indrukwekkende 74 nie uit nie, aanteken. Randburg bereik die teiken met 110 vir ses.

**Randburg wen met vier paaltjies.**

Dit was ’n uiters suksesvolle krieketdag vir Randburg, met beide die Eerste span en die dogters-A-span wat sterk, gedissiplineerde vertonings gelewer het. Die boulers het die grondslag gelê en die kolwers het die werk met selfvertroue afgehandel. Baie geluk aan al die spelers — Randburg-krieket is duidelik op die regte pad!



Op Woensdag, 11 Februarie het Randburg se krieketspanne uitstekende vertonings gelewer met drie oortuigende oorwinnings uit vier wedstryde. Die o. 14B-span het teen CBC Boksburg gespeel en 97 lopies aangeteken voordat hulle almal uitgehaal is. CBC kon egter slegs 19 lopies behaal voordat hulle ook almal uitgehaal is. **Rhys Reders** was uitstekend met die bal en neem vier paaltjies vir net vier lopies. Randburg het die wedstryd gemaklik met 78 lopies gewen.

Die o. 15A-span het teen Queens te staan gekom. Queens is beperk tot 65 almal uit, met **Tiaan-Rick Swanepoel** wat drie paaltjies vir slegs agt lopies geneem het. Randburg het die teiken sonder enige verlies bereik en 66 sonder verlies aangeteken. **Bion Meyer** het ’n stewige 32 nie uit nie bygedra. Randburg het met tien paaltjies gewen.

Die o. 15B-span het ’n indrukwekkende vertoning teen CBC Boksburg gelewer. Randburg het ’n formidabele 257 vir twee aangeteken, met **Vian Fourie** wat ’n uitstekende 100 nie uit nie behaal het en **Jeandré Venter** wat 55 nie uit nie bygedra het. CBC is daarna vir slegs 38 almal uit beperk. **Jeandré Venter** was weer briljant met die bal en neem vyf paaltjies vir 11 lopies, terwyl **Chad Price** drie paaltjies vir 11 lopies bygevoeg het. Randburg het met ’n oorweldigende 219 lopies gewen.






Die Eerste span het egter 'n moeiliker wedstryd teen Queens gehad. Queens het 151 vir ses aangeteken, waarna Randburg vir 64 almal uit beperk is. Queens het die wedstryd met 87 lopies gewen. Algeheel was dit 'n baie goeie dag vir Randburg se krieket, met sterk spanpogings en uitstekende individuele bydraes.





**12 Februarie 2026** - Hoërskool Randburg se krieketspanne goeie mededingende wedstryde gespeel.

Die o. 15-span het teen Monument te staan gekom. Monument het eerste gekolf en 131/9 aangeteken. Randburg het hard teruggeveg, maar kon slegs 108/7 behaal en het uiteindelik met 23 lopies verloor.

Die tweede span het teen CBC Boksburg gespeel. CBC Boksburg is vir 54 almal uit uitgeboul, met Reynard Opperman wat uitstekend gevaar het met boulsyfers van 3 vir 13. Randburg het die teiken suksesvol bereik met 55/4 en die wedstryd met ses paaltjies gewen.

Die dogterskrieketspan het 'n indrukwekkende oorwinning teen Riebeeckrand behaal. Randburg het eerste gekolf en 156/4 aangeteken, met 'n puik bydrae van 58 lopies deur **Mikayla Rossouw**. Riebeeckrand is daarna vir slegs 44 almal uit uitgeboul, met **Zani Jacobs** wat uitstaande boulwerk gelewer het met 5 paaltjies vir net 2 lopies. Randburg het die wedstryd oortuigend met 112 lopies gewen.







**17 Februarie** - Die dogterspan het teen Northcliff High School gespeel en 'n **uitstekende oorwinning behaal**. Randburg is vir 77 almal uit, waarna Northcliff vir 43 almal uit was. Randburg wen dus met 33 lopies. **Alyssa Edwards** het uitgestaan met vyf paaltjies vir slegs vier lopies, terwyl **Zani Jacobs** twee paaltjies vir vyf lopies geneem het en **Abigail Jacobs** twee paaltjies vir ses lopies.



★ **Dogters vs Edenglen**

Randburg 144 vir sewe
**Mikayla Rossouw** 41 lopies
Edenglen 68 almal uit
**Isabel du Raan** drie paaltjies vir 18 lopies
Randburg wen met 76 lopies

★ **Tweedespan vs King Edward School 0/16C (19 Februarie)**

**Reynard Opperman** drie paaltjies vir nege lopies
Randburg 60 vir een
**Jayden Botes** 27 nie uit
Randburg wen met nege paaltjies



**Randburg het sterk vertonings in die Johnny Waite semi-finaal gelewer**. In die **o. 15 A-span** se wedstryd teen Hoërskool Dr Malan het Randburg 118 vir vyf aangeteken, met **Tiaan-Rick Swanepoel** wat 'n uitstekende 55* (nie uit nie) behaal het. Dr Malan is daarna almal vir 71 uitgeboul, met Tiaan-Rick wat ook met die bal uitgeblink het met briljante syfers van drie paaltjies vir slegs vier lopies. **Randburg het die wedstryd oortuigend met 47 lopies gewen.**

In die **o. 16-wedstryd** teen Dr Malan het Dr Malan 134 vir vyf aangeteken, waarna Randburg almal vir 69 uitgehaal is en ongelukkig met 65 lopies verloor het.

Die **Eerste span** het egter weer die vlag hoog teen Dr Malan laat wapper. Dr Malan het 127 vir ses aangeteken, met **Kyle Cameron** wat drie paaltjies vir net agt lopies geneem het. Randburg het die teiken suksesvol gejaag en 128 vir vier behaal, met **Joshua Swart** wat 'n belangrike 43 lopies bygedra het, om die wedstryd met ses paaltjies te wen.

**Baie geluk aan ons o. 15's en Eerste span wat na die finaal deurgedring het.** Ons is baie trots op al drie hierdie spanne wat ons vandag verteenwoordig het!




## SKUT

Een van ons skuts, **Annabelle Kirstein (gr. 10)**, het aan die Noord-Wes Ope skietkompetisie in die presisie-afdeling deelgeneem. Sy het uitstekend presteer en **twee goue medaljes verower**. Baie geluk met hierdie besondere prestasie, Annabelle – ons is ongelooflik trots op jou!



# GHOLF

Ons **gholfspanne** het op 9 Februarie weer hul staal gewys in die Sentraal-Gauteng Gholfliga. Die **A-span** het by Southdowns Gholfbaan teen Waterstone College, Cornwall College en Trinity House meegeding. Randburg **wen** die kompetisie **oortuigend**. **Franco Colin (gr. 11)** het 'n uitsonderlike rondte gespeel met **'n -5 onder baansyfer** – puik gholf!

Die **B- en C-spanne** het by Randpark Gholfbaan teen Trinity Randpark en Steyn City gespeel. Ons **B-span** eindig in 'n **sterk tweede plek**, net agter Trinity, terwyl die **C-span** die **derde plek behaal**.





**Welgedaan aan elke Randjie – julle maak ons ongelooflik trots!**

Op Maandag, 16 Februarie het ons gholfers aan die laaste rondte van die Sentraal-Gauteng Skoleliga deelgeneem. Al ons spanne het by Randpark Gholfbaan gespeel en weereens puik prestasies gelewer. **Randburg A** het uitstekend gevaar en eerste in hul groep teen Hoërskool Linden, Hatfield Christian Church en Crawford Lonehill geëindig. **Randburg B en C** het teen Steyn City B en C meegeding. Randburg B het **eerste** in hul groep geëindig, terwyl Randburg C 'n **vierde plek** behaal het. Ons is ongelooflik trots op al ons gholfers wat Randburg se naam hoog gedurende die liga gehou het. Baie dankie aan elke speler vir hul harde werk en toewyding! Ons sien reeds uit na die volgende liga wat in die derde kwartaal plaasvind.




# SWEM

Die volgende Randjie swemmers het Saterdag, 1 Februarie by Hillcrest swembad aan die Gauteng *Schools' Aquatic Championship* deelgeneem:

**Simoné van Aswegen o. 18 dogters**
200m borsslag - Tweede plek
100m borsslag - Vierde plek
50m borsslag - Vierde plek
200m individuele wisselslag - 11de plek
100m kruipslag - 13de plek

**Larissa Bouwer o. 16 dogters**
100m rugslag - Vierde plek
200m rugslag - Tiende plek
200m borsslag - Tiende plek



**Bokkie Maruping o. 14 dogters**
400m kruipslag - Negende plek
200m kruipslag – Negende plek
100m vlinderslag - Sesde plek
50m vlinderslag - 11de plek

**Welgedaan, Randjies! Julle hou die skool se naam hoog.**




BOKKIE, LARISSA EN SIMONÉ



RUBEN EN LUANDRÉ

Op Saterdag, 7 Februarie het **Ruben Sutherland en Luandré Sutherland** aan die *Swimpartners Gala* by *Wahoo Aquatic Centre* deelgeneem. Hierdie broers het baie goed gevaar en het hul *Level 3* tye verbeter en werk hard om SANJ-tye te behaal. **Hier volg hul uitslae:**

200m borsslag - Ruben **- Vierde;** Luandré **– Vyfde**, 200m vryslag – Ruben **-Vyfde;** Luandré **- Sesde**

Ons swemseisoen is goed op dreef en **ons twee swemspanne** het weereens uitstekend by Donderdag, 12 Februarie se swemgala by Pinnacle College Linden gevaar. **Elke swemmer het voluit geswem en die skool baie trots gemaak.**



## Uitslae:

**Eerste - Hoërskool Randburg A - 482 punte**
Tweede - King's School Robin Hills - 421 punte
**Derde – Hoërskool Randburg B - 274 punte**
Vierde - Pinnacle College Linden - 246 punte
Vyfde - Radford House - 240 punte
Sesde - Cedarwood School - 229 punte
Sewende - Alma Mater International School - 120 punte
Agtste - Agape Christian School - 97 punte



Baie geluk aan al ons Randjies met hul puik deelname en spanpoging tydens die gala waar ons teen Northcliff High School en Helpmekaar Kollege se A- en B-spanne as gasheer opgetree het. Ons swemmers het 'n ongelooflike resies geswem en ware deursettingsvermoë en spanwerk gewys. Ons is ongelooflik trots op elke swemmer wat hulle beste in die water gegee het. Julle harde werk en toewyding wys. Hier is die finale uitslae:

- Eerste – Northcliff A – 385 punte
- **Derde – Randburg A – 243 punte**
- Vyfde – Helpmekaar B – 99 punte
- Tweede – Northcliff B – 301 punte
- Vierde – Helpmekaar A – 229 punte
- **Sesde – Randburg B – 90 punte**



# HOKKIE

Ons hokkiespelers en -afrigters het reeds vroeg vanjaar met die JHL (Johannesburg *Hockey League*) afgeskop. Ons is trots op almal wat by die o/15- en o/18-weergawe van die toernooi betrokke was en ook op ons betrokkenheid by die jonger ouderdomsgroepe.

Die volgende spelers en afrigters was betrokke by die o/15- en o/18-toernooi:

- ★ Daniella Kitching
- ★ Lize Greef
- ★ Liechen Harper
- ★ Lizzy van Niekerk
- ★ Greame Kitching
- ★ Mnr John-Henry Horn




'n Spesiale vermelding ook aan **Chantal van der Bank**, wat by die o/11- en o/13-weergawe van die toernooi as skeidsregter diens doen.

Baie geluk aan elke speler, afrigter en skeidsregter wat ons skool met trots verteenwoordig. Julle toewyding en passie vir hokkie maak 'n groot verskil!





# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




# RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**DONDERDAE, 07:30 TOT 08:30**
**IN SAU. ALMAL IS WELKOM!**



# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure:</u>** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**
















EASY HOME SECURITY FIXES
that make a big difference
FIDELITY SERVICES GROUP
ADT
Improve outdoor lighting
Well-lit entrances, driveways, and pathways act as a strong deterrent
Secure doors and windows
Install quality locks on all gates, reinforced doors, and burglar bars where necessary. Sliding doors should have anti-lift brackets and secure locking systems to prevent forced access
Trim overgrown shrubs and trees
Keep plants trimmed near windows, doors, and perimeter walls to eliminate hiding spots and improve visibility. Trees that provide easy access over walls or fences should be cut back
Update your security company and test your system
Your armed response provider should always have your current contact details to avoid delays in an emergency
Use smart security solutions
CCTV cameras, outdoor beams, and alarm sensors allow homeowners to monitor activity remotely and respond quickly to potential threats
Create the illusion that someone is home
Use timers for lights when you're away and ask a neighbour or friend to collect your mail
Get to know your neighbours
Strong community relationships are a powerful crime deterrent. When neighbours look out for one another, suspicious activity is more likely to be spotted and reported quickly
Think like a criminal
Stand outside your gate and assess how easy it would be to access your property. Are there open windows, broken locks, or unsecured entry points?
Talk to your loved ones
Personal safety should be an ongoing conversation. Make sure everyone in the household understands basic safety habits and knows how to respond in an emergency.
ADTsa
@FidelityADT
www.adt.co.za
www.fidelity-services.com
JHB: 086 1212 400 /PTA: 086 1212 500




NG RANDBURG HOU BASAAR!!
Saterdag 28 Feb.
10:00–14:00
H/v. Doverstraat en Vinelaan
Stalletjies - Speletjies - Pannekoek - Kerrie-en-rys - Hamburgers - Kebabs - Teetuin - Tuisnywerheid en vele meer.

**Fundamental**
Dental - Randburg

# Is jou kind se glimlag skool-gereed?

## *Is your child's smile school-ready?*



**Gereelde tandheelkundige ondersoeke** help om tandprobleme en skoolafwesigheid te voorkom.

- **Vroeë opsporing van tandprobleme**
- **Gesonde tandvleis en vars asem**
- **Meer selfvertroue binne en buite die klaskamer**

**SKOOLKINDERS KRY**
**25% OFF**
**OP BEHANDELING!**
**Cash or Card Only**

**Regular check-ups** prevent pain and missed school.

- Early detection of dental issues
- Healthy gums & fresh breath
- More **confidence** in and out of the classroom



**Reg oorkant Hoërskool Randburg** | *Right across from Randburg High School*

**Na-skool afsprake beskikbaar** | *After school appointments available*

Ons is ook oop op **Saterdae** | *We are alse open on **Saturdays***



**7 Malibongwe Drive, E-MedCentre**
(oorkant Hoërskool Randlburg)

**Call or WhatsApp: 067 877 6061**



# CEDAR SOLAR

**Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS**

# ENERGIE OUDIT



**GRATIS OUDIT**

Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.

- Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
- Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
- 15 Jaar in die industrie
- Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
- Goedgekeur by Groot Banke






**WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.**

**Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn**
www.cedarsolar.com

**Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.**




*Wiskunde Privaattutor*

*By Triumph Mathematics verdien kinders om hulle volle potensiaal te bereik.*

*En 'siblings' geniet nou 20% afslag!*



*Kontak ons gerus:*
*Karlienjohnson1@gmail.com*
*www.triumphmaths.com*
*082 566 5917*

**Bekommerd oor jou gr8 Wiskunde??**
**Maak van hierdie 'Vreesvak' jou 'Feesvak'**
**Ek kan jou help!**

Ten minste 24 jr ondervinding. Hulp met:

- voorbereiding van toetse/eksamens
- klaswerk/huiswerk en vrae
- informele onderrig in rustige omgewing
- nasorg van toetse
- deurwerk van vorige vraestelle
- akkommodeer buitemuurse aktiwiteite

Kontak my!
Gerda Naudé
083 975 5100 óf
hattinghgerda5@gmail.com

# MAART 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| | | | | | | Koor: Soiree Skoolsaal 15:00<br>Seuns Hokkietoernooi Jeppe (w)<br>Visvang |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| **Toets 10**<br>Admaths toets LO Saal 17:00-18:00<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Seunstennis C & D<br>A Capella oefening | **Interhoër Atletiek**<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>English Olympiad 14:00-16:00 | Robotika 14:00 | **Toets 11**<br>Skaak vs Curro Aurora (t)<br>Rugbyvergadering 17:30 in skoolsaal | Distriks Netbalproewe (t)<br>Seunshokkie: Jeppe (snr) (t)<br>Seunstennis A & B<br>Rugby proewe | Netbal vs Rustenburg (w)<br>Tennis Snr Seuns Interhoër<br>Rugby : proewe en oefening | Dainfern Gholf Toernooi |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| **Toets 12**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Seunstennis C & D<br>Dainfern Gholf Toernooi<br>A Capella oefening<br>Gr 12 Speechguild Trophy Redhill School<br>Distriks Netbalproewe indien uitgereën | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Netbalkliniek (t)<br>Seunshokkie Jeppe Jnr<br>Dainfern Gholf Toernooi | **Eerstespanne inhuldiging**<br>Seunshokkie: vs Jeppe Jnr (t)<br>Robotika 14:00<br>Netbalkliniek (t) | **Toets 13**<br>Netbalkliniek (t)<br>Interdistriks Netbalproewe (t) – Laerskole<br>Wisk Olimpiade<br>Gr 12 Speechguild ind speaker (t)<br>Skaak vs Northcliff High (t)<br>o/12 & o/13 Rugbyproewe 14:00 | RNA<br>Interdistriks Netbalproewe (t) Hoërskole<br>o/12 & o/13 Rugbyproewe 14:00 | RHN Frikkie Meyer (w)<br>SANESA Gauteng 2 | SANESA Gauteng 2<br>Kooroptrede: GK Randburg 18:00<br>Visvang |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| **Toets 14**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>A Capella oefening | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool | JOMO netbalproewe – Laerskole (Florida)<br>Seunshokkie vs Reddam<br>Gr 12 Loopbaanuitstalling (Atrium 13:00-15:00)<br>Robotika 14:00 | **Toets 15**<br>JOMO netbalproewe Hoërskole (Florida)<br>Hokkie Seuns & Dogters Steyn City (w) | Hokkie, tennis, gholf vs Midstream (w)<br>Hokkie Seuns & Dogters Steyn City (w) | **Menseregtedag**<br>Hokkie Seuns & Dogters Steyn City (w)<br>RHN Midstream (w) | Kooroptrede: NG Kerk Greydene 09:00 (Christo Naude) |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>MMS Ensemble konsert<br>A Capella oefening | **Opedag**<br>Koor optrede tydens opedag<br>Gr 12. FW Verlengde skool | MMS Ensemble konsert<br>Dongtershokkie vs Redhill (w)<br>Seunshokkie vs Dainfern<br>Robotika 14:00 | Atletiek klub SA's<br>MMS Ensemble konsert<br>**Gr 9 Aanlegtoetse** | **Skool sluit**<br>Netbal Menlotoernooi<br>Netbal B- & C-spanne toernooi (t)<br>Atletiek klub SA's<br>Rugby: Ben Vorster toernooi | Netbal Menlotoernooi<br>Netbal B- & C-spanne toernooi (t)<br>Dogters hokkietoer Michael House (w)<br>Atletiek klub SA's<br>Rugby: Ben Vorster | Netbal Menlotoernooi<br>Netbal B- & C-spanne toernooi (t)<br>Dogters hokkietoer Michael House (w)<br>Rugby: Ben Vorster toernooi |
| 30 | 31 | | | | | |
| Menlo Netbaltoernooi Dogters & Seuns hokkietoernooi Michael House (w)<br>Rugby: Ben Vorster toernooi<br>A Capella oefening | Seuns hokkietoernooi Michael House (w)<br>Rugby: Ben Vorster toernooi<br>Netbal Menlotoernooi | | | | | |